Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

9 Junie 2023 Uitgawe: 8/2/2023

# UIT DIE KANTOOR

Soos die meeste ouers en leerders seker hierdie week gehoor het, was dit my verjaarsdag en het die leerderraad my uitgedaag om op OFM my algemene kennis ten toon te stel. Wat 'n aangename, dog spannende, ervaring. Baie dankie leerderraad, ouers en ouerkomitee vir die groot bederf op my verjaarsdag. Dit is en bly spesiaal en ek het groot dank vir elkeen se insette en bydrae, nie net het ek dit geniet nie, maar so ook die kinders en personeel.

**Eksamen:**

Maandag begin die Gr. 4-7-leerders met eksamen. Ek vertrou dat hulle hard sal leer vir hierdie eksamen en dat hul sal hoër mik as 7/10.

Ouers word net weer daaraan herinner dat die skool gedurende die eksamen om 7:45 soggens begin en almal om 13:00 in die middae verdaag. Neem ook kennis dat die Nasorgsentrum normaal funksioneer gedurende die eksamen.

**Sport:**

Dankie aan al die ouers wat Dinsdagaand se hokkievergadering bygewoon het. Die nodige reëlings rakende die proewe en ligas is hanteer. Indien u om een of ander rede nie die vergadering kon bywoon nie, is u meer as welkom om Juf. Mariandel Nortje te kontak om al die nodige inligting te bekom.

Baie sterkte aan ons o/13A-netbalspan wat vanmiddag betrokke is by die uitspele vir die Motheo-wenners. Indien hulle vandag in posisie een of twee eindig, kwalifiseer hul om aan die Vrystaat-uitspele deel te neem. Ons hou styf duime vas.

**Woord van dank:**

As gevolg van die langnaweek volgende naweek, sal hierdie die laaste WEEKBLAD-uitgawe van die kwartaal wees.

Gun my die geleentheid om elke ouer en onderwyser te bedank vir u ondersteuning en bydrae deur die kwartaal. Dit was 'n rowwe en besige kwartaal. My wens is dat elke gesin hierdie wintervakansie sal tyd maak om bietjie bymekaar uit te kom en tyd as gesin te spandeer. Slaap laat, eet genoeg en laat jul kinders asb. gesond word, aangesien die griep maar in die rondte is.


Volgende kwartaal is weer propvol aktiwiteite en daarvoor moet die kinders goed uitrus. Ry asb. veilig indien u die langpad aandurf.

Indien daar enige ander belangrike nuus plaasvind, sal dit via d6 aan u gekommunikeer word.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 9 Jun.: | Motheo Netbal-uitspele (Tjokkies) |
| | Voortrekker Bossokkie (Skoolsaal) |
| 12 Jun. | Eksamen begin (Gr. 4-7) |
| | Hokkieproewe begin volgens rooster |
| 13 Jun.: | Finansiële komitee vergadering |
| 16 Jun.: | Jeugdag – geen skool (langnaweek) |
| 23 Jun.: | Skool sluit om 10:00 |
| 13-16 Jul.: | o/12 & o/13 Hokkietoer |
| 18 Jul.: | Skool heropen |

## VERJAARSDAE



Baie geluk aan die volgende personeel wat gedurende die vakansie verjaar:

| | |
|---|---|
| 9 Jul.: | Juf. Bianca Faber (RO) |
| 11 Jul.: | Juf. Nadine Malherbe (Gr. 2) |

## ANDER

Baie geluk en sterkte aan elke rugby- en netbaldogter wat Tjokkies in provinsiale toernooie gedurende die vakansie gaan verteenwoordig. Mag jul jul Tjokkie-waardes en -talente ten volle gaan uitleef.

# PERSONEEL

Soos vroeër reeds bekend gemaak, verlaat juf. Phelicia van Vuuren Tjokkies aan die einde van die kwartaal. Baie dankie juffrou vir u lojaliteit, entoesiasme in die klaskamer en op die sportveld. Baie dankie vir wat jy vir ons Tjokkiekinders oor hierdie jare beteken het. Mag jou toekoms besaai wees met liefde, vrede en guns. Die personeel, ouers en kinders gaan jou beslis baie mis.



## TJOKKIES SAMEL NIE-BEDERFBARE VOEDSEL IN.







Waarvoor: Ons eie gemeenskap, mense in en om die skool.

Wanneer: 29 Mei - 23 Junie

Waar om in te gee: Jou klas onderwyser

(Prys vir die klas wat die meeste inbring.)

**Maak iemand se ❤ warm met bietjie kos.**

# UITSLAE

**Redenaars**

Die Gr. 4- en 5-sprekers het Dinsdag, 6 Junie deelgeneem aan Tjokkies se interne redenaars.

Die uitslae was as volg:

**Graad 4**

1ste plek: Zetske Veldtman

2de plek: Martin Deysel

3de plek: Beate Terreblanche

**Graad 5**

1ste plek: Cobus de Witt

2de plek: Emma Groenewald

3de plek: Juwan van Rooyen

Baie geluk aan almal wat deelgeneem het!





## Kuns

Baie geluk aan **Anke Strauss** wat die volgende uitslae vir haar kunsprente behaal het - haar naam is ongelukkig verlede week uitgelaat:

**Bloemskou – A+**

**St. Michael's Art Festival Kompetisie - A**

## Hokkie

Baie geluk aan **Liezl Vosloo** wat in die **Suid-Vrystaat o/13A hokkiespan** ingesluit is - haar naam is ongelukkig uitgelaat by die vorige uitslae.

# SNUFFELS



SERVICE
SOLUTIONS
LOODGIETER
PLUMBER
Call Skippie
083 524 8001
Since 2009
We fix your taps, drains, geysers and all other plumbing needs
Your Plumber in Bloemfontein




Beskikbaar by:
Tjokkies (Swembad hek)
OPTIMUM
HOUT
STREEPSAK
Almal
Kan
Regte
Hout
Aankoop
KaggelHOUT
R55
R85
BraaiHOUT

# BYBEL AVONTUUR WEEK

## 26-30 JUNIE 2023

## WAT BEHELS DIT?

OUERS KAN TUSSEN 26-30 JUNIE, DAAGLIKS HUL KINDERS VANAF 08:00 BY DIE GELOOFSENTRUM AFLAAI EN WEER OM 13:00 OPLAAI. HULLE WORD VOLGENS OUDERDOM IN GROEPE VERDEEL. ELKE GROEP HET 'N LEIER WAT NA HULLE BEHOEFTES EN VEILIGHEID OMSIEN. DIE GROEPE BEWEEG GEDURENDE DIE DAG DEUR STASIES WAAR VERSKILLENDE AKTIWITEITE GEDOEN WORD WAT BY DIE TEMA VAN DIE WEEK AANSLUIT, WAARONDER: SPELETJIES, "CRAFTS", KYK NA 'N KORTFILM, MAAK PEUSELHAPPIES/LEKKERNYE. DAAR WORD ELKE OGGEND AS GROOT GROEP GEOPEN EN DIE DAG WORD SAAM AFGESLUIT. DAAR IS OOK 'N POUSE WEES WAARTYDENS DIE KINDERS KAN SPEEL EN HULLE KOSBLIKKOS KAN EET. DIE KINDERS SAL OP DIE KERKTERREIN BLY VIR DIE DUUR VAN DIE DAG. KINDERS KAN EEN OF MEER DAE KOM BESOEK OF VIR DIE HELE WEEK INSKAKEL.

KONTAK GERUS VIR THANIA @ 081 062 3438 MET NAVRAE.

Geloofsentrum
CENTRE OF FAITH


BYBEL AVONTUUR WEEK
26-30 JUNIE 2023
SKRYF NOU IN!
R350
per kind vir die week
08:00-13:00
R80 PER DAGBESOEK
(LEKKERNYE, TOESIG EN SPELETJIES INGESLUIT. BRING EIE MIDDAGETE.)
STUUR 'N BOODSKAP NA ELMIEN @ 081 828 9536 VIR 'N INSKRYWINGSVORM
Daaglikse aktiwiteite en speletjies vir kinders Gr.R-Gr.6
Geloofsentrum
CENTRE OF FAITH


BYBEL AVONTUUR WEEK
26-30 JUNIE 2023
HELPERS BENODIG!
HOËRSKOOL LEERDERS, STUDENTE EN VOLWASSENES
KONTAK VIR THANIA @ 081 062 3438
Kom saam op reis van Egipte tot Kanaan, met die Bybel as ons GPS!
Daaglikse aktiwiteite en speletjies vir kinders Gr.R-Gr.6
Geloofsentrum
CENTRE OF FAITH







**Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre**
Visit us at 89 Oliver Tambo Street, Bloemfontein / Call us on (051) 448-3571

**Service Centre Manager:** Leonard Grimsdell (079 104 5994 / leonard.grimsdell@autopedigree.co.za)
**Service Advisor:** Ruan Rossouw (066 245 6640 / ruan.rossouw@autopedigree.co.za)
**Trading Hours:** Monday to Friday (7am - 5pm), Saturday (8am - 12pm)

T&Cs Apply on Specials and Promotions

miwa
Proud Association of RMI

AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE